

## TAKVERGADERING 2006

### Januarie 2006

Tydens die AJV is die volgende bestuur verkies:

Voorsitter: Nico Gey van Pittius

Ondervoorsitter en Plattelandse verteenwoordiger: David de Klerk

Sekretaris: Fred Deas

Tesourier: Glenda Raad

Begraafplaasprojek: Marianne Meyer

Addisionele lid: Ria van den Heever



### Februarie 2006

Gerhard Geldenhuys - `n Toer na die Heerenlogement. Hy het `n uitgebreide lesing gelewer oor die Genealogie van vroeë besoekers aan die historiese grot naby Graafwater.



### Maart 2006

Antonia Malan - "Transcription of Estate Papers at the Cape of Good Hope (TEPC)"



**8 April 2006**

“Scrapbooking” - `n verteenwoordiger van die winkel “The Scrapbook” het `n voordrag gelewer oor die maniere hoe om `n sg. “scrapbook” bymekaar te stel.




**13 Mei 2006**

Die Cape Family Research Forum het `n heerlike besoek aan ons tak afgelê en het vir ons vertel van die agtergrond van die stigting van die Forum, die reaksie van die gemeenskap op die Forum en, as `n voorbeeld van hul werk, `n gevallestudie voorgehou van `n lid wie se navorsing in die Kaapse Argief hom gelei het na sy voorouers uit die slaweperiode. Die Forum se Voorsitter, Shamiel Gamildien, Ondervoorsitter Magadien Mohamed sowel as hulle woordvoerder Mogamat Kamedien, beter bekend as Kammie, en verskeie lede was teenwoordig.

**10 Junie 2006**

Hierdie vergadering is tradisioneel ons tak se verjaarsdagviering en lede kry geleentheid om bydraes te lewer oor hul eie navorsing. Baie interessante voordragte is deur die ontvangers van die Margaret Cairns toekenning, Gerhard Geldenhuis en Nico Walters gelewer.



**8 Julie 2006**

Nico Gey van Pittius se praatjie “Van Afrika en van Adel “ is `n beskrywing van die interessante voorouers van die moeder van die stamvader van die Gey van Pittius familie in Suid-Afrika, waaronder persone uit die adelike geslagte van Nederland en Duitsland tel, maar ook `n slavin van Wes-Afrika.

**12 Augustus 2006**

Helena Liebenberg praat oot die TANAP projek. Sy het `n interessante voordrag gelewer oor die suksesvolle TANAP projek waarin VOC administratiewe rekords vir die Kaap (die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop) gedigitaliseer is. Hieruit het baie interessante inligting gekom wat die ontwikkeling van Afrikaans insluit, sowel as die lewensgeskiedenis van adelike bannelinge aan die Kaap.

**25 September 2006**

Erfenisdag sou gevier word met `n uitstalling by die Cultivaria fees in die Paarl. Ongelukkig het die dag baie gereen en kon die stalletjie nie opgeslaan word nie aangesien die veld onder water was. Die uitstalling is dus gekanselleer.

**14 Oktober 2006**

Meule toer – `n Interessante uitstappie is gereel na Mostert se Meule, waartydens ons `n lesing gekry het oor die geskiedenis van die spesifieke meule, die restourasie en onderhouding daarvan, die organisasie Vriende van Mostert se Meule. Dit is gevolg deur `n kort piekniek op die terrein, waarna lede opbeweeg het na die Mostert begraafplaas aan die hange van Tafelberg.

**11 November 2006**

Die afsluitingsfunksie is hierdie jaar in die Goodwood biblioteeksaal gehou met heerlike verversings. Daar was ook twee kort voordragte deur Sasa Malan en James Butler oor maniere om digitale tegnologie te gebruik om `n pragtige aanbieding van familiedata te maak. Fred Deas het ook `n uitstalling gelewer van boeke in sy besit, waaronder die katalogusse van die ou Africana Biblioteek.